# TJOKKIE-brokkies!

**Uitgawe: 5/2/2017** **Datum: 25 Mei 2017**

## Uit die kantoor:

**Snoepie**

Soos in verlede week se spesiale epos vermeld is, open die snoepie weer op 1 Junie sy deure met groter verskeidenheid en meer bekostigbare produkte. Ons beoog ‘n lekker groot opening en gaan ‘n spesiale pouse hiervoor hou. Bring maar ‘n paar ekstra sente saam.

Aangesien dit ‘n nuwigheid vir die beheerliggaam is, aanvaar ons dat daar ‘n paar groeipyne gaan wees. Ons vra vriendelik dat u geduldig sal wees en ons net eers ‘n kans sal gee. Ons behoort na ‘n maand ‘n goeie idee te hê van wat die behoeftes en hoeveelhede is. Intussen is voorstelle en raad welkom.

Ons gaan ook voorsiening maak vir ouers wat na skool by die snoepie ‘n koppie koffie en ‘n eetdingetjie wil geniet.

Ons gaan ook van ‘n QR-kode stelsel en kontant as betaling gebruik maak. Mettertyd sal ons ook weer na die kaartstelsel kyk.

Meer inligting volg later.

## BELANGRIKE DATUMS:

**27 Mei:** Vrystaat netbalproewe in Welkom. Sterkte aan ons vyf dogters wat hiervoor gekwalifiseer het.

**30 Mei:** Skaakliga

Finansiële- en Beheerliggaam-vergadering om 16:00 en 17:30

**31 Mei:** Rugby- en netballiga (Sien ligabepalings)

**3 Junie:** Tjokkies se Reënboog Trap en Stap Pretdag - **Neem asseblief kennis dat elke persoon wat toegang tot Pantserskool wil hê 'n kaartjie @ R25 per persoon moet koop.** Die kaartjie sluit dan toegang in en deelname (indien verkies) aan die Trap en Stap. Die Gholf chip is addisioneel @ R5. Boereworsrolle, pannekoek, koffie en koeldrank word te koop aangebied. Koop vandag jou kaartjie by jou klasonderwyser.

**NB:** Onthou asb van die vrywaringsvorm wat deur elke gesin voltooi moet word. Dit moet deur die ouers self by Tempe se hekke ingegee word op 3 Junie. Vorms is in die klasse uitgedeel en steeds beskikbaar indien u nog nie gekry het nie.

## UITSLAE:

**Kunswedstryd**

Geluk aan al ons leerlinge wat mooi presteer het. Net julle waagmoed om op te tree is reeds ‘n prestasie. Ons maak wel die uitslae in die saal bekend, maar dit is te veel om in die nuusbrief te noem.

**Nautilus-Wiskunde**

Die volgende leerders behaal plekke tydens die Nautilus-Wiskunde uitdaging:

Jana Rossouw, gr 5 – eerste
Miané Smit, gr 6 – eerste
Wilandré vd Walt, gr 6 – tweede
Cara Stevens, gr 6 - derde

## PERSONEELSAKE:

Juf Leonie de Kock het ‘n babadogter ryker geword. Sy is tans op bevallingsverlof. Baie welkom aan mev Aldu Mould wat in haar plek aflos. Sy is ‘n ervare juffrou wat baie jare gelede ook by Tjokkies skoolgehou het.

Baie geluk aan Mev Sariana v Vuuren (Gr 3) wat swanger is. Sy sal eers volgende jaar op kraamverlof wees. Hier is defnitief iets in Tjokkies se water.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

## JUNIE EKSAMEN 2017

Neem asseblief kennis dat die eksamen afskop op 19 Junie 2017 vir die graad 7 leerders, wat Departementele Vraestelle skryf. Die res van die grade begin op 23 Junie 2017 soos op die aangehegte eksamen-rooster aangedui.

Die tydgleuf waarop eksamens geskryf gaan word is vanaf 09:00 tot 11:00 in die oggend.

Die hokkieproewe/oefeninge sal tussen 11:30 en 13:00 plaasvind.

Vanaf 19 Junie tot 23 Junie begin die skool om 07:45 en kom 13:00 uit.

## SNUFFELS

**Smartschool ekstra klasse**
Ons bied middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer.
Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

**WERK GESOEK**
'n Tjokkie-pa het onlangs sy werk as produksiebestuurder, weens rasionalisasie, verloor. Hy beskik oor goeie bestuurs- en tegniese vaardighede o.a. elektries. Indien iemand kan help, skakel hom by 079 115 5557 vir sy CV of onderhoud. U kan ook die skoolhoof by 051-5221371 skakel.

**Gesoek:** enige ou of stukkende selfone. Kontak Flip by: 081 7752 974

## VAKATURE

**MIDDAGSTUDIE TOESIGHOUER**

Toesig van Graad 7 leerlinge
Tydperk: 1 Junie tot 31 November 2017 met die moontlikheid van verlenging vir 2018.
Werksure: 13:50 tot 17:15 Maandae tot Vrydae.
Verlof: Skoolvakansies.

**Handig 'n volledige CV voor of op 29 Mei by die kantoor in.**

Vir meer inligting kontak die skoolhoof by 051-5221371

## VOORTREKKERKAMP

Baie dankie aan die volgende ouers:

Nardus en Hannelise Smith en gesin vir die kosmaak tydens die kommandokamp.

André en Ronel Grobbelaar asook Corné Heckroodt vir hul waardevolle insette.

Ben en Roelien van der Merwe vir hul aanbieding oor die bye.

## SNUFFELS

## PREMIESEL NOMMERS

Die skool se premiesel telefoonnommers het verander. Dit is nie meer die 081-nommers nie. Die nuwe nommers is:

**074 251 0207**
**074 248 6766**

Stoor asb die nuwe nommers op u foon, dit sal verskyn wanneer u 'n oproep vanaf die skool ontvang.

## BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.




PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

## PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS EKSAMENROOSTER:

**19 JUNIE 2017 - 29 JUNIE 2017**
**09:00 tot 11:00**

| DATUM | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| 19 JUNIE MAANDAG | | | | WISKUNDE DEPARTEMENTELE VRAESTEL 1 |
| 20 JUNIE DINSDAG | | | | ENGELS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 1 |
| 21 JUNIE WOENSDAG | | | | AFRIKAANS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 1 |
| 22 JUNIE DONDERDAG | | | | AFRIKAANS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 2 |
| 23 JUNIE VRYDAG | ENG | ENG | ENG | ENGELS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 2 |
| 26 JUNIE MAANDAG | WISK | WISK | WISK | SW |
| 27 JUNIE DINSDAG | AFR | AFR | AFR | EBW |
| 28 JUNIE WOENSDAG | NWT | NWT | NWT | NW |
| 29 JUNIE DONDERDAG | SW | SW | SW | TEG |
| 30 JUNIE VRYDAG | SKOOL SLUIT | SKOOL SLUIT | SKOOL SLUIT | SKOOL SLUIT |

## SNUFFELS

EDU-HELP

VERLIG EKSAMENSPANNING!!
Opsommings met vraestelle en antwoordstelle – SW, NW en WISK (Platinum) - Graad 4 tot 6 - en genoemde vakke asook EBW (Via Afrika) – Graad 7 – nou beskikbaar teen R150 per vak per kwartaal. Net vraestelle met antwoorde ook beskikbaar teen R75 per vak. Vorige kwartale ook beskikbaar.
Ons doen ook voorbereiding vir mondeling en redenaars.
Kontakbesonderhede:
ockie.k@telkomsa.net
Petro 082 4415805

**RISING CHAMPS**
**HOCKEY TOURNAMENT**
**U12 & U13 BOYS & GIRLS**
**(Grade 5,6 and 7)**

When: 16th & 17th June 2017
Where: Astro Turfs around BFN
Cost: R450 per player
Entries close 2 June 2017. Enter individually or as a team.
Contact: Cheryl Zietsman 082 576 1002, cherylzietsman@gmail.com

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com